

Die aanbidding van Jesus as God en verering as afgod in die NG Kerk.

Volledige opsomming beskikbaar as “Voorlegging aan die NG Kerk om ’n oop gesprek oor die aanbidding van Jesus as God en afgod” op Google by ngkerklevubu.co.za op tuisblad.

1. Die NG Kerk het in sy Woord -, sakramentsbediening en tug, in sy kerklike werksaamhede en vergaderinge, ’n sinkretistiese geestelikheid in sy lidmate se lewe opgebou waarin Christus Jesus tegelykertyd as Here en God aanbid word en as afgod vereer word.

2. Die aanbidding van Christus as Here en God gaan oor die geloof in Christus volgens die evangelie (Heid. Kat. vr. en antw. 21 en 22) en liefde vir Christus, as Seun van die Vader en Gewer van die Gees, volgens die Tien Gebooie. (Heid. Kat. deel 3)

3. Die verering van Jesus as afgod is inhoudelik iets anders as geloof in die evangelie en liefde vir God volgens sy wet. Die verering van Jesus as afgod gaan om Jesus as die grondlegger en rolmodel voor te hou van hoe mense deel van God se goddelikheid kan wees. Deur met God te identifiseer glo mense hulle idees is God se eie idees; hulle lewe is God se eie goddelike lewe; hulle drome is God se eie goddelike droom; hulle magswil is God se eie goddelike wil wat deur hulle werk; hulle ervarings van goddelikheid is die enigste werklike kennis van God; hulle vertellings oor hulle eie goddelike ervarings is die openbaring van God; hulle persoon beliggaam God se Persoon; hulle optredes is die goddelike krag van God binne ’n self- en wêreldbeeld waarin God nooit God in en deur Homself, sonder en anders as deur die mens is nie.

4. Om hierdie identiteit tussen hulle self en God te ervaar, verander hulle die plaasbekledende heilswerk van die Here van sy geboorte tot en met sy verheerliking (Heid. Kat. vr. en antw. 32 – 50) na ’n geestelike proses van wat mense met hulle self moet doen: om jou eie menslikheid te ontken met oefeninge van selfontkenning en selfdoding, en jouself só in God se goddelikheid in te leef dat jou jouself een ervaar met God se goddelikheid: een met en deel van God in alles wat God self is.

5. In die NG Kerk word hierdie identifikasie met God bedryf as drie opeenvolgende geestelike stappe: 1. Die identifikasie met die Persoon van God, deur God in jou lewe in te nooi, 2. die identifikasie met die krag van God deur ’n algehele oorgawe aan God se mag en 3. die uitbeeld van God se goddelikheid in jou eie persoon en lewe. Die sinkretisme vind plaas deur hierdie 3 stappe voor te hou as 1. ’n Christelike bekering, 2. as die vervulling met die Heilige Gees en 3. die kerk se getuigenis. Hierdie sinkretisme word in die NG Kerk teologies geregverdig deur geloof en liefde vir God, en identifikasie met God se goddelikheid as twee kante van dieselfde saak voor te hou met dualismes soos “leer en lewe”, “teorie en praktyk” en “verstand en emosie”. Hierdeur skep hulle ’n nuwe onderskeid “God se kant en die mens se kant” wat die Bybelse onderskeid “die wet en die evangelie” heeltemal verdring. (Hierdie saak is al aangespreek in die publikasies: “Twee-ineen: die ware en valse kerk in die NG Kerk”, “Protestants, Vry om te protesteer”, “Geloofsgeskiedenis ds. PJ Kriel 1956 tot 1986” en “NG Gemeente Levubu geloofsgeskiedenis 1972 – 1987” beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za onder “nagevors en gepubliseer”. Dit is ook al deeglik verreken in werke soos “Pietismus” 1983, “Das Zeitalter des Pietismus” 1965 deur M. Schmidt en “Die vorbereitung des Pietismus” 1974 deur W. Goeters.)